## EVERYMAN'S BEGINNING

*A Baby is Born.* The picture story of everyman's beginning. By Maternity Centre Association. Pp. 63. R2.50. Illustrated. London: George Allen and Unwin. 1966.

This book tells the story of the development and birth of a baby from conception through to the third stage of labour. It is written in simple language and very adequately illustrated by means of excellent photographs of specially prepared anatomical models and by diagrams and drawings.

For the young mother who knows little about her own internal anatomy and the processes of pregnancy, this book could do much to make her understand the normal anatomical and physiological changes which take place, and so allay her natural fear of the unknown.

Obstetricians and general practitioners who are willing to spend time preparing a young mother for her pregnancy and labour by the use of this book will find their reward in the understanding cooperation which will result. A.H.T.

## GINEKOLOGIESE EN OBSTETRIESE PATOLOGIE

*Diagnostic Pathology in Gynecology and Obstetrics.* By P. M. Marcuse, M.D. Pp. ix + 528. Illustrated. $28.50. New York: Harper & Row. 1966.

Hierdie boek is 'n pragstuk wat die druk- en bindwerk betref, en bevat 'n groot aantal pragtige illustrasies. Dit is nogtans 'n teleurstellende boek. Dit poog om ginekologiese en obstetriese histopatologie, mikrobiologie, hematologie en endokrinologie alles in die bestek van 500 bladsye saam te vat. Noodwendigerwys is die behandeling van elkeen van hierdie onderafdelings beknop en onvolledig. Dit is moeilik om vas te stel vir wie die boek eintlik bedoel is: Dit is sekerlik nie voldoende vir die nagraadse student nie, en wat voorgraadse studente betref, is daar seker min van hulle, behalwe die Amerikaners, wat die boek sou kan bekostig! Miskien sou die boek van waarde wees vir die ginekoloog wat al jarelank praktiseer sonder veel kontak met die akademiese wêreld, om sy kennis 'n bietjie op te knap; of miskien is dit veral bedoel vir diegene wat sommer net van mooi en duur boeke hou. R.P.D.

## EKSFOLIATIEWE SITOLOGIE

*An Outline and Atlas of Gynaecological Cytodiagnosis,* 2nd ed. By H. Smolka and H.-J. Soost. Pp. x + 208. Illustrated. R12.00. London: Edward Arnold. 1965.

Ten spyte van die feit dat vaginale eksfoliatiewe sitologie vandag feitlik 'n integrale deel van 'n ginekologiese ondersoek vorm, is daar nog min teksboeke wat die hele onderwerp dek, beskikbaar. Hierdie boek vul daardie leemte.

Ek hou van hierdie boek omdat dit al die moontlikhede van sitologie beklemtoon en verduidelik. Veels té dikwels word alleenlik die diagnose van karsinoom van die genitalië beklemtoon. In hierdie boek word die gebruik van eksfoliatiewe sitologie vir hormoonstatusbepalings in ginekologiese en verloskundige toestande bespreek sowel as die moontlikhede wat dit inhou vir die diagnose van infeksies soos geïnterpreteer in Duitsland. Soos dit hoort, is daar talle mikrofotografiese afdrukke waarvan baie in kleur is. Die gehalte van hierdie illustrasies is uitstekend. Ek beveel hierdie boek sterk aan vir sitologiese laboratoria en spesialiste in die verloskunde en die ginekologie.

J.M.deV.